4. Gedurende die keuringsproses word dit daarna gestreef dat die geslagsprofiel van die groep gekeurde kandidate 'n weerspieëling sal wees van die geslagsprofiel van aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen.
5. Ongeveer 5 addisionele plekke word gereserveer vir Namibiese kandidate wat deur die Namibiese regering benoem word. Hierdie kandidate moet aan die minimum vereistes voldoen om vir die program aanvaar te word. (Let wel: Dit is die enigste uitsondering waar ons Buitelandse aansoekersoorweeg).
6. Die jaarlikse hersiening van die getal studente toegelaat tot die program is op grond van:
 - 6.1 Opleidingskapasiteit t.o.v. menslike hulpbronne, infrastruktuur en die kliniese opleidingsplatform
 - 6.2 Streeks- en landsbehoeftes
 - 6.3 Inskrywingsbeplanning van die Universiteit
 - 6.4 Aantal studente wat per jaar geakkrediteer is volgens die regulerende liggaam.
7. Aansoeke van aansoekers wat BSc in Dieetkunde as keuse op hul aansoek stel, voor die betrokke sluitingsdatum, sal oorweeg word.
8. Voorkeur sal aan Suid-Afrikaanse burgers, aansoekers met bewys van permanente verblyfstatus of aansoekers met bewys van vlugtelingsstatus gegee word wanneer aansoekers vir keuring oorweeg word.
9. Kandidate kan nie hul keuring uitstel van een jaar na 'n volgende nie. Indien 'n aansoeker dus suksesvol is en nie hulle keuring aanvaar nie, moet sodanige aansoeker normaalweg weer van vooraf aansoek doen om oorweeg te word vir keuring in die toekoms.

B. RIGLYNE VIR DIE KEURING VAN DIEETKUNDE STUDENTE

Aansoekers word slegs oorweeg in een van die drie verskillende kategorieë, soos hieronder uiteengesit.

- B1. Huidige leerders (graad 12) en gematrikuleerde (bl. 12 – 15);
- B2. Ingeskrewe studente (bl. 15 – 17);
- B3. Aansoekers met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring (bl. 17).

1. HUIDIGE LEERDERS (GRAAD 12) EN GEMATRIKULEERDES

- 1.1 Keuring van hierdie groep vind plaas tydens die eerste keuringsgeleentheid gedurende die tweede semester van die voorafgaande jaar.
- 1.2 Aansoekers wat langer as drie jaar gelede gematrikuleerde het, kan nie binne hierdie kategorie oorweeg word nie en word aangeraai om eers hulself voor te berei vir oorweging in kategorie B2 of B3. Let egter daarop dat keuring in hierdie kategorie steeds nie gewaarborg kan word nie.
 - 1.2.1 Aansoekers wat in 'n ander formele hoëronderwysprogram geregistreer was in die aansoekjaar, maar hul studies vroeg in die aansoekjaar gestaak het en wat nie deelgeneem het aan enige formele assessorings wat punte/uitslae genereer wat op die akademiese rekord gelaai is nie, kan in kategorie B1 oorweeg word;
 - 1.2.2 Aansoekers wat matriek herhaal en wat nie voorheen vir 'n ander formele hoëronderwysprogram geregistreer het nie, kan in kategorie B1 oorweeg word;
 - 1.2.3 Aansoekers wat matriek herhaal en wat voorheen vir 'n ander formele hoëronderwysprogram geregistreer het, kan nie in kategorie B1 oorweeg word nie, hierdie aansoekers sal in kategorie B2 of kategorie B3 oorweeg word, afhangende van hul huidige aktiwiteite;
 - 1.2.4 Aansoekers wat gedurende die aansoekjaar vir 'n formele hoëronderwysprogram geregistreer is, moet in kategorie B2 "geregistreerde universiteitstudente" oorweeg word; en
 - 1.2.5 Aansoekers wat voorheen in 'n ander hoëronderwysprogram geregistreer was, maar wat hul studies gestaak het en deelgeneem het aan enige formele assessorings wat punte/uitslae genereer wat op die akademiese rekord gelaai is, moet in kategorie B3 "personne met Tertiêre kwalifikasies en/of werk ondervinding" oorweeg word.
- 1.3 Aansoekers binne hierdie kategorie word gekeur op grond van 'n akademiese meriete (akademiese prestasie op skool)
 - 1.3.1 In die geval van graad 12-leerders word die gemiddelde akademiese persentasie wat in die finale graad 11-jaareindassessering behaal is, gebruik (uitgesluit lewensoriëntering).
 - 1.3.2 In die geval van aansoekers wat die skool voltooi het, word die gemiddelde akademiese persentasie behaal in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) - eksamen of ekwivalent gebruik (uitgesluit lewensoriëntering).

- 1.4. Alle aansoekers word dan ingedeel volgens hul akademiese meriete ranglysorde, wat die basis vorm vir die keuring van hierdie studente.
- 1.5. Die **Nasionale Normtoets (NNT)** word slegs gebruik om die toelating van aansoekers van die *School of Tomorrow* te bepaal. Die gemiddelde persentasie wat in die toetse behaal is, sal gebruik word.
- 1.6. Die keuringsproses geskied as volg:
 - 1.6.1 Die top **30** aansoekers word in volgorde volgend die keuringsfaktor gekeur, met voorkeur aan aansoekers me SA burgerskap of permanente verblyfstatus of vlugtelingsstatus, ongeag van enige ander oorwegings.
 - 1.6.2 Daarna word swart Afrikaan-, bruin, Indiërs- en Asiatische aansoekers uit al die provinsies gekeur mits hul voldoen aan die minimum toelatingsvereistes en totdat 60 aansoekers gekeur is.
 - 1.6.3 6 Aansoekers (ongeveer 10% van plekke) sal in orde van keuringsfaktor deur aansoekers met 'n sosio-ekonomiese status (SES)-faktor van 6 of hoër gevul word.
 - 1.6.3.1 Sosio-ekonomiese benadering word gemeet deur 'n SES-faktor te bereken wat die volgende indikatore in ag neem: onderwysbenadering (gebaseer op skoolkwintiele en skoolfonds), ekonomiese benadering (gebaseer op maatskaplike of ongeskiktheidstoelae) en eerste generasie-status (gebaseer op die opvoedkundige vlak van die ouers). Die SES-faktor wissel van 10 (mees benadeel) tot 0 (minste benadeel). Die afsny-telling van die SES-faktor kan wel aangepas word in ooreenstemming met die aansoekpooil.
 - 1.6.4 Sou twee of meer aansoekers met dieselfde akademiese meriete vir een plek meeding, sal die aansoeker/s met 'n hoër SES-faktor voorkeur geniet vir keuring.
 - 1.6.5 As dit na die oorweging van die SES-faktor nog nie moontlik is om tussen twee of meer aansoekers te onderskei nie, kan sodanige aansoekers 'n motiveringsbrief indien en sal hulle na onderhoudvoering deur 'n keuringspaneel gekeur word of nie.
 - 1.6.6 Indien die program nie op bogenoemde wyse (soos beskryf in 1.6.1 tot 1.6.5) gevul word nie, sal aansoekers wat nog nie gekeur is nie, volgens meriete en met inagneming van die geslagsprofiel oorweeg word totdat alle plekke gevul is.
 - 1.6.7 Aansoekers wat vir meer as een program voorwaardelik gekeur word, moet hul aanvaarding van een aanbod formeel bevestig.
 - 1.6.7.1 Die keuringsaanbiedinge vir aansoekers wat nie hul voorwaardelike keuringsaanbod aanvaar nie (teen die vasgestelde datum wat in die voorwaardelike aanbodbrief gekommunikeer word), sal verval.
 - 1.6.7.2 Voorwaardelike aanbiedinge wat afgekeur of verval het (om watter rede ook al) kan slegs heruitgereik word indien daar plekke in die program beskikbaar is.

- 1.6.8 Aansoekers wat aansoek gedoen het met hul finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent) en wat 'n voorwaardelike keuringsaanbod ontvang het, sal 'n finale keuringsaanbod vir die program in die aansoekjaar ontvang. Daar sal van sulke aansoekers verwag word om die finale keuringsaanbod te aanvaar.
- 1.6.8.1 Die keuringsaanbiedinge van aansoekers wat nie hul finale keuringsaanbod aanvaar nie (teen die vasgestelde datum wat in die finale aanbodbrief gekommunikeer word), sal verval.
- 1.6.8.2 Finale aanbiedinge wat afgekeur of verval het (om watter rede ook al) kan slegs heruitgereik word indien daar plekke in die program beskikbaar is.
- 1.6.9 Wanneer al die beskikbare plekke gevul is, sal kategorie B1-aansoekers wat nie 'n aanbod van toelating ontvang het nie en wat voldoen aan die minimum toelatingsvereistes en enige ander vereiste/s uiteengesit in die Keuringsriglyne) deur die Voorgraadse Keuringskantoor gekontak word. in die Sentrum vir Akademiese Administrasie (Tygerbergkampus) via die SUNStudent-aansoekportaal om 'n versoek in te dien om hulself op die Dieetkunde-waglys te plaas.
- 1.6.9.1 Aansoekers mag hulself slegs op die waglys plaas indien hulle voor 31 Julie vir die Dieetkunde-program aansoek gedoen het en indien hulle voldoen aan die minimum toelatingsvereistes van die program en enige ander vereiste/s uiteengesit in die Keuringsriglyne.
- 1.6.9.2 Waglys-aansoekers sal volgens die akademiese meriete-rangorde gerangskik word.
- 1.6.9.3 Aansoekers wat nie versoek om hulself op die waglys te plaas nie (teen die vasgestelde datum wat in die waglyskennisgewing gekommunikeer word), sal as onsuksesvol gemerk word.
- 1.6.9.4 Aansoekers wat versuim het om op die waglyskennisgewing te reageer, kan 'n versoek indien om hulself op die waglys te plaas na die waglyssluitingsdatum. Sodanige aansoekers sal op die waglys geplaas word op grond van die akademiese meriete-rangorde en slegs indien daar plekke in die program beskikbaar is. Hierdie aansoekers moet voor die einde van November van die aansoekjaar die Voorgraadse Keuringskantoor by tygselections@sun.ac.za kontak.
- 1.6.10 Kansellasies word van die waglys vervang in 'n verdere voorwaardelike keuringsrondte/s in die aansoekjaar, gebaseer op Akademiese meriete-rangorde met behoud van die demografiese, SES en geslagsprofiel van die voorwaardelik geselekteerde eerstejaar-inname, indien plekke beskikbaar is in die program.
- 1.6.11 Finale aanbiedinge word aan voorwaardelik geselekteerde aansoekers gemaak, in Januarie van die volgende jaar of sodra die finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent) beskikbaar word en mits hulle aan die minimum toelatingsvereistes van die program voldoen met hul finale Nasionale Senior Sertifikaatpunte en enige ander vereiste(s) uiteengesit in die Keuringsriglyne.
- 1.6.11.1 Die keuringsaanbiedinge van aansoekers wat nie meer aan die minimum toelatingsvereistes en enige ander vereistes soos uiteengesit in hierdie riglyne voldoen nie, sal as onsuksesvol gemerk word.
- 1.6.11.2 Die keuringsaanbiedinge van aansoekers wat nie hul finale keuringsaanbod aanvaar nie (teen die vasgestelde datum wat in die finale aanbodbrief gekommunikeer word), sal verval.

- 1.6.11.3 Finale aanbiedinge wat afgekeur of verval het (om watter rede ook al), kan slegs heruitgereik word indien daar vakatures in die program is.
- 1.6.12 In Januarie van die daaropvolgende jaar of sodra die finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent) beskikbaar word, word die finale graad 12-gemiddeld (Lewensoriëntering uitgesluit) gebruik om 'n nuwe Akademiese meriete-ranglys op die waglys te bepaal.
- 1.6.12.1 Slegs aansoekers wat 'n volledige aansoek by die program in die aansoekjaar ingedien het, voldoen aan die program se minimum toelatingsvereistes en enige ander vereiste(s) wat in die Keuringsriglyne uiteengesit word, kwalifieer vir die nuwe waglys en vir hernoeging.
- 1.6.12.2 Aansoekers wat nie aan die minimum toelatingsvereistes en/of enige ander vereistes soos uiteengesit in die riglyne voldoen nie, maar wat sedertdien hul matriekuitslae verbeter het en/of enige ander vereistes soos uiteengesit in die riglyne nakom, kan 'n versoek indien om hulself te plaas op die waglys na die vrystelling van die finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent). Sodanige aansoekers sal op die waglys geplaas word op grond van die akademiese meriete-rangorde en slegs indien daar vaktures in die program is. Hierdie aansoekers moet voor die einde van Januarie van die innamejaar die Voorgraadse Keuringskantoor by tygselections@sun.ac.za kontak om 'n laat versoek in te dien om hulself op die waglys te plaas.
- 1.6.13 Beskikbare plekke in die program word vanaf die nuwe waglys gevul, gebaseer op die rangorde van akademiese meriete met behoud van die demografiese-, SES- en geslagsprofiel van die eerstejaarsinname groep, mits daar plekke in die program beskikbaar is.
- 1.6.14 Die keuringsproses vir die 2026-innamejaar sal twee weke na die aanvang van die akademiese jaar en/ofanneer alle programplekke gevul is afgehandel word. Alle aansoekers wat nie gekeur is nie, word dan as onsuksesvol beskou vir die 2026- innamejaar.

2. INGESKREWE UNIVERSITEIT-STUDENTE

- 2.1 Ongeveer **15%** van die plekke word gevul vanuit hierdie groep **EN** die kategorie van aansoekers met naskoolse kwalifikasies en / of beroepservaring (sien B.3 hieronder).
- 2.2 Plekke word gereserveer vir **ingeskrewe universiteit studente** met voorkeur aan aansoekers met SA burgerskap of permanente verblyfstatus of vlugtelingsstatus en wat toepaslike studierigtigs (by voorkeur natuurwetenskappe-verwant) volg.
- 2.3 Die volgende groeperings van ingeskrewe studente word gesamentlik in hierdie kategorie oorweeg:
- 2.3.1 Voorgraadse Baccalaureus studente (in 'n 3-jaar Baccalaureus graad) (sien uitsondering by 2.4 en 2.5)
 - 2.3.2 Honneursstudente
 - 2.3.3 Finalejaar Magisterstudente
 - 2.3.4 Doktorale studente wat hul doktorale studie voltooi gedurende die jaar waarin hulle aansoek doen
- Daar is geen vooraf bepaalde getal vir enige van bogenoemde groeperings nie.

- 2.4 Ingeskrewe studente wat 'n ander program in die Gesondheidswetenskappe by die US volg, sal nie vir keuring oorweeg word nie.
- 2.5 Ingeskrewe studente wat 'n ander program in die Gesondheidswetenskappe by 'n ander universiteit volg, sal nie vir keuring oorweeg word nie.
- 2.6 **Aansoeke van geregistreerde studente** van ander instansies sluit op 31 Julie. Die onus berus op die aansoeker om te verseker dat die akademiese uitslae van die aansoeker die Voorgraadse Keuringskantoor nie later as 1 Desember bereik nie, deur te e-pos na tygselections@sun.ac.za
- 2.7 **Ingeskrewe US-studente** se aansoeke sluit op 31 Julie en word vroeg in Desember, nadat die finale uitslae beskikbaar is, oorweeg. Studente wat nie van die eerste eksamengeleentheid gebruik maak nie, sal nie oorweeg word nie.
- 2.7.1 Studente wat nie die A2-assesseringsgeleentheid of die eerste inhandigingsgeleentheid vir tesisse of navorsingsopdragte benut nie, kan nie vir keuring oorweeg word nie, aangesien hul finale resultate nie betyds vir die keuringsvergadering in Desember vir die keuringspaneel beskikbaar sal wees nie.
- 2.8 Studente wat aansoek doen vir oorplasing van 'n Dieetkunde-program aan 'n ander universiteit na die BSc in Dieetkunde aan die US, sal deur die keuringspaneel oorweeg word. Sodanige oorplasing sal egter slegs by hoë uitsondering op grond van buitengewone oorwegings toegestaan kan word volgens die fakulteit se oorplasingsriglyne wat [hier](#) beskikbaar is.
- 2.9 Die keuringsproses sal soos volg plaasvind:
Hierdie groep word gekeur o.g.v. akademiese prestasie, die demografiese profiel van die eerstejaarsinname, asook enkele ander oorwegings (sien 2.11):
- 2.9.1 **Akademiese meriete:** Die gemiddelde akademiese prestasie van ingeskreve studente word deur die geweegde gemiddelde prestasie van al die studiejare gesamentlik bereken.
- 2.10 Vir hierdie kategorie van aansoekers sal die volgende **bykomende riglyne** ook geld:
- 2.10.1 Aansoeke van huidige studente wat hul graad in die betrokke jaar voltooi, of ander studente (meestal BSc-studente), wat al hul vakke oor die aantal studiejare slaag, sal oorweeg word.
- 2.10.2 In die geval van voorgraadse studente wat die graad in die betrokke jaar voltooi, sal voorkeur verleen word aan studente wat die graad in die voorgeskrewe tyd voltooi, geen sak-opmerking op die rekord verskyn nie, en met 'n geweegde gemiddelde persentasie van minstens 60% oor die duur van die program. In die geval van ander studente sal voorkeur verleen word aan studente wat alle vakke slaag met 'n geweegde gemiddelde van minstens 60% oor die aantal studiejare.
- 2.10.3 In die geval van nagraadse ingeskreve studente word voorgraadse prestasie ook in oorweging geneem. Voorkeur sal gegee word aan studente wat vorige grade met 'n gemiddeld van minstens 60% geslaag het, en wat minstens 60% verwerf vir die nagraadse kwalifikasie waarvoor hulle by aansoek geregistreer is en wie 'n **motiveringsbrief** by hul aansoek insluit.

- 2.11 Voorgraadse studente word in prioriteitsvolgorde o.g.v. voorgaande oorwegings gerangskik en dit dien as vertrekpunt vir die keuringsproses. Spesiale oorweging mag aan swart Afrikaan-, bruin, Indiërs- en Asiatische studente gegee word wat aan die vereistes soos beskryf in (2.10.1- 2.10.2), voldoen.
- 2.12 Nagraadse aansoekers in kategorie word in prioriteitsvolgorde o.g.v. voorgaande oorwegings in 2.10.3 gerangskik, waarna 'n kortlys van verdienstelike aansoekers saamgestel word. Aansoekers op die kortlys sal na persoonlike onderhoudvoering finaal gekeur word. Uitnodiging na 'n onderhoud dien geensins as waarborg dat 'n aansoeker wel gekeur sal word nie.
- 2.13 In die geval van ingeskreve voorgraadse studente, wanneer al die beskikbare plekke gevul is, word aansoekers wat kwalifiseer op die waglys geplaas in volgorde van akademiese meriete. Kansellasies kan in merietevolgorde van die waglys aangevul word, mits daar plek is in die program.
- 2.14 Studente wat gekeur word vir BSc in Dieetkunde I sou vrygestel kon word van ooreenstemmende modules wat hul geslaag het, volgens die fakulteit se Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en Oordrag (KAO) Riglyne, maar sal al die oorblywende modules vir Dieetkunde I moet slaag, ten einde na Dieetkunde II in die daaropvolgende jaar te kan promoveer.

3. AANSOEKERS MET NASKOOLSE KWALIFIKASIES EN/OF BEROEPSERVARING

- 3.1 Ongeveer **15%** van die plekke word gevul vanuit hierdie groep **EN** die kategorie van huidige geregistreerde Universiteit studente (sien B.2 hierbo).
- 3.2 Keuring van hierdie groep aansoekers vind tydens die eerste keuringsgeleentheid gedurende die tweede semester van die voorafgaande jaar plaas.
- 3.3 Hierdie plekke sal gereserveer word vir persone met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring, en wat nie by aansoek vir enige verdere kwalifikasies ingeskryf is nie, met voorkeur aan aansoekers met SA burgerskap of permanente verblyfstatus of vlugtelingsstatus. Kandidate wat by aansoek geregistreer is vir enkele losstaande modules op tersiêre vlak vir nie-graaddoeleindes, sal ook in hierdie kategorie oorweeg kan word.
- 3.4 Voorkeur sal gegee word aan aansoekers wat reeds voorheen 'n tersiêre kwalifikasie of kwalifikasie (NQF vlak 7 en hoër) in die normale tyd, en met 'n geweegde gemiddelde van 60% of hoër geslaag het, en 'n **motiveringsbrief** by hul aansoek insluit.
- 3.5 Hierdie aansoekers word oorweeg op grond van akademiese meriete, die demografiese profiel van die eerstejaarsinname sowel asook enkele ander oorwegings (sien 3.4). 'n Kortlys van verdienstelike aansoekers word na oorweging van alle aansoeke in hierdie kategorie saamgestel.
- 3.6 Aansoekers op die kortlys sal na persoonlike onderhoudvoering finaal gekeur word.
- 3.7 Uitnodiging na 'n onderhoud dien geensins as waarborg dat 'n aansoeker wel gekeur sal word nie.

C. KEURING VAN SWART AFRIKAAN-, BRUIN, INDIËR- EN ASIATIESE AANSOEKERS

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe bepaal jaarliks in onderlinge oorleg met die Viserektor (Leer en Onderrig), inskrywingsteikens wat belyn is met, onder ander, die Nasionale Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se riglyne vir die transformasie van die hoër onderwyssektor en die institusionele inskrywingsbeplanning wat daaruit voortspruit, sowel as die Universiteit se verbintenis tot inklusiwiteit en diversiteit.

D. AANSOEKERS WAT NIE SUID-AFRIKAANSE BURGERS IS NIE, NIE 'N PERMANENTE VERBLYFPERMIT OF VLUGTELINGSTATUS VIR SUID-AFRIKA HET NIE

1. Sodanige aansoekers sal op meriete oorweeg word.
2. Aansoekers met amptelike vlugtelingstatus moet volgens wetgewing oorweeg word. Slegs SA burgers kwalificeer egter vir institusionele beurse en lenings, asook vir NSFAS-befondsing. Aansoekers met vlugtelingstatus moet dus hul finansiële posisie in ag neem wanneer 'n plek in die BSc in Dieetkunde program opgeneem word.

E. DIE AFLê VAN DIE NASIONALE NORMTOETSE (NNT) ("NATIONAL BENCHMARK TESTS") (NBT)

1. Die NNT's vorm nie deel van die keuring vir kategorie B1-aansoekers nie.
2. Die uitsondering is vir aansoekers van School of Tomorrow (SOT) wat benewens die voldoening aan die minimum toelatingsvereistes, moet SOT-aansoekers ook aan die onderstaande NNT-vereistes vir toelating voldoen (ten einde universiteitsvrystelling van die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad te verwerf):

NNT	AL Akademiese Geletterdheid	QL Kwantitatiewe Geletterdheid	MAT Wiskunde
NNT minimum-vereiste: SOT	65%	66%	34%

3. Die toetse sal landswyd by verskeie sentra afgeneem word.
4. SOT aansoekers in kategorie B1 moet die NNT voor die einde van 2025 aflê en moet betyds (minstens 3 weke voor die toetsdatum) by www.nbt.ac.za vir die toetse regstreer ten einde 'n plek in die betrokke toetssentrum te verseker.
5. Ingeskrewe Universiteit Stellenbosch studente (B2) en aansoekers met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring (B3) word vrygestel van hierdie vereiste.

F. PROSEDURES WAT GEVOLG WORD M.B.T. DIE KEURINGSPROSES

1. AANSOEKVORMS

- 1.1 Aansoekers kan aanlyn aansoek doen by <https://student.sun.ac.za/>
- 1.2 Die sluitingsdatum vir die indiening van alle kategorie B1, B2 en B3 is **31 Julie** van die jaar wat registrasie voorafgaan.

2. VERWERKING VAN AANSOEKE

- 2.1 'n Volledige databasis van elke aansoeker word saamgestel uit die inligting wat deur die aansoeker op die aanlyn-aansoekvorm ingevoer is. Die punte van die huidige leerders en gematrikuleerde (B1) word terselfdertyd rekenaarmatig verwerk.
- 2.2 Die skoolresultate word elektronies vasgelê en verwerk om die akademiese meriete te bepaal wat gebruik word om 'n aansoeker se posisie op die merietelys te bepaal.
- 2.3 Die akademiese rekords van ingeskreve studente (B2) sowel as dié van gegradeerde (B3), word per hand verwerk en 'n gemiddelde persentasie word bereken. Hierdie studente word dan op grond van akademiese prestasie oorweeg, alhoewel ander faktore wel in die geval van nagraadse studente en gegradeerde in berekening gebring mag word (sien afdelings B2 en B3 hierbo).
- 2.4 Daar word van aansoekers verwag om 'n onderneming te voorsien dat alle inligting wat verskaf word, akkuraat is. In die geval dat dit ontdek word dat 'n gekeurde aansoeker vals inligting verskaf het of opsetlik of deur nalatigheid inligting teruggehou het, kan hulle hul keuring verbeur.

3. KEURINGSGELEENTHEDE

- 3.1 Die eerste keuring vind in die tweede semester van die voorafgaande jaar plaas. By hierdie geleentheid word hoofsaaklik die huidige leerders en gematrikuleerde (B1) en aansoekers met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring (B3) oorweeg. Die keuring van laasgenoemde aansoekers (wat op 'n kortly� geplaas is) word eers finale na onderhoudvoering met lede van die Keurkomitee afgehandel (sien B2.12).
- 3.2 Die aansoeke van ingeskreve studente (B2) word eers in Desember oorweeg nadat hulle finale universiteitsuitslae beskikbaar is.
- 3.3 SciMathUS studente word in Januarie in dieselfde kategorie as huidige leerders en gematrikuleerde (B1) oorweeg (op grond van hul nuwe akademiese meriete).
- 3.4 Verdere keuring van ongekeurde aansoekers vind voortdurend plaas, gebaseer op die Akademiese meriete (B1) en indien hulle op 'n waglys (B2 en B3) was, afhangende van kansellasiës wat van die verskillende subkategorieë ontvang is en beskikbare plekke in die program.
- 3.5 Keuring word finale afgehandel binne een week na aanvang van die eerste semester klasse vir Dieetkunde I of sodra alle program plekke gevul is.

4. UITSTUUR VAN KEURINGSBRIEWE

- 4.1 Na afloop van die keuringsvergaderings word aansoekers elektronies van die keuringsuitslag in kennis gestel.
- 4.2 Alle aansoekers moet hul keuringsaanbod aanvaar of van die hand wys. Indien 'n aansoeker nie teen die responsdatum reageer nie, sal die aanbod verstryk. Heruitreiking van aanbiedinge sal slegs gemaak word indien daar nog plekke in die program beskikbaar is. Die volgende bepalings is van toepassing op die relevante keuringskategorieë:
 - 4.2.1 Kategorie B1 Aansoekers wat in die eerste keuringsronde in September gekeur is, moet teen 30 September op hul aanbod reageer. Aansoekers wat na 30 September en voor 31 Desember vanaf die waglys gekeur word, sal 3 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
 - 4.2.2 Kategorie B2 Aansoekers wat in die eerste keuringsronde in Desember gekeur is of voor 31 Desember vanaf 'n waglys gekeur word, sal 3 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
 - 4.2.3 Kategorie B3 Aansoekers wat in die eerste keuringsronde in Oktober gekeur is of voor 31 Desember vanaf 'n waglys gekeur word, sal 3 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
 - 4.2.4 Aansoekers wat in die finale keuringsronde in Januarie van die registrasiejaar gekeur word, sal 2 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
- 4.3 Die plekke van aansoekers wat nie op die aanbod reageer nie, en wat nie administratief opgespoor kan word nie, word gekanselleer.

5. AANSOEKERS WAT NIE MEER AAN DIE TOELATINGSVEREISTES VOLDOEN NADAT DIE FINALE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAATUITSLAE BESKIKBAAR IS NIE

- 5.1 Aansoekers wat gedurende die eerste keuringsronde voorwaardelik gekeur is, maar wat na hul finale matriekuitslae nie meer voldoen aan die minimum toelatingsvereistes nie, se keuringsaanbod sal verval.

G. KEURKOMITEE

Keuring van voornemende studente word gedoen deur 'n keuringspaneel, saamgestel deur die Strategiese Komitee oor Werwing, Keuring en Toelating (SKWKT), wat deur die Dekaan van die fakulteit voorgesit word. Alle besluite ten opsigte van keuring word deur die keuringspaneel goedgekeur voordat dit met aansoekers gekommunikeer word en besluite is finaal. Alle navrae rakende die keuringsproses moet aan die Voorgraadse Keuringskantoor in die Sentrum vir Akademiese-administrasie (Tygerberg-kampus) gerig word by tygselections@sun.ac.za.

Aanbeveel deur die Komitee vir Voorgraadse Onderrig, 26 Maart 2025